# Hoofstuk van die dag: Numeri 18

*Die Here het vir Ääron gesê: "In hulle land sal jy nie erf nie; 'n erfdeel sal daar nie vir jou tussen hulle wees nie.*

*Ek is jou erfdeel, jou erfenis tussen die Israeliete." (vers 20)*

Moses begin in hierdie hoofstuk om die ampspligte van priesters en Leviete neer te lê (vers 1-7). Hulle is voltyds in diens van die Here by die heiligdom. Dus is daar nie tyd vir sekulêre (nie-geestelike) werk nie. Hulle sou daarom ook nie 'n eie grondgebied in Kanaän kry soos die ander stamme nie. Hulle erfenis het nie in stamgrond gelê nie; die Here is hulle erfenis (vers 20). Hý self sorg vir hulle.
Om dié stelsel te laat werk, het die Here verskillende offers ingestel, asook tiendes, waardeur die priesters en Leviete onderhou is. Hulle lewensonderhoud was volledig afhanklik van dit wat die Israeliete aan die Here gewy het.
Dit is hoe die kerk vandag nog funksioneer. Die instandhouding van die gemeente, en die lewensonderhoud van die predikante, kom uit die bydraes van die lidmate. Jou bydrae. So help jy om die werk van die Here in stand te hou.
Die Here is egter ook jóú erfdeel. Kan jy dit saam met Ps 16:5-6 bely en daaroor juig?


## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede

© Bybelkoerant 2018 – 2026